Tjokkie WEEKBLAD

31 Januarie 2025 Uitgawe: 3/1/2025

## UIT DIE KANTOOR

Baie dankie aan alle Tjokkies en hulle ouers wat verlede Sondag die Tjokkie kerkdiens by die Universitas Geloofsentrum bygewoon het. Dit was kosbaar. Dankie dat ons Tjokkie-leerders in massas opgedaag het. Die leraar het ons skool, ouers en leerlinge opnuut net weer laat besef dat God reeds vir ons die ewige prys betaal het. Ons loof en eer Hom daarvoor.

**2026 Aansoeke:**

Die skool se leerdertal het vanjaar mooi gegroei met 47 meer kinders in die skool. Tans staan die leerdertal op 880 van Gr. 1-7.

Baie dankie aan ons ouers wat Tjokkies se naam help uitdra in die gemeenskap daarbuite.

Aansoek vir toelating by beide die laerskool en die kleuterskool open Saterdag, 1 Februarie. **LET ASB. DAAROP DAT LEERDERS WAT REEDS TOELATING BY GR. R HET NIE WEER HOEF AANSOEK TE DOEN VIR GR. 1 NIE. SLEGS AANSOEKE VAN BUITE TJOKKIES IS NODIG.**

Gr. R-aansoeke word aanlyn gedoen. Die skakel wat hiervoor gebruik moet word, is op die webblad beskikbaar. Dit sluit ook aansoeke in vir Gr. RR. U sal ook opmerk dat die ouderdom vir aansoeke vir Gr. RR aangepas is vir leerders wat van Januarie – Desember 5 jaar oud word. Kontak gerus Klein Tjokkies by preprim@tjokkies.co.za indien u enige navrae het. Vir toelating in die Primêre Skool verwys ek belangstellendes na die skool se webblad www.tjokkies.co.za vir meer inligting.

**Skoolgelde:**
Ouers wat wil aansoek doen vir korting en kwytskelding moet daarop let dat die sluitingsdatum vir aansoeke reeds 3 Februarie is. Aansoekvorms met die nodige ondersteunende dokumente moet by mev. Beaulah du Plessis ingehandig word. Kontak haar gerus by beaulah@tjokkies.co.za indien u ‘n aansoekvorm benodig.

Februarie is ook die eerste maand van die jaar wat skoolgeld gehef word. U het reeds einde verlede jaar die nuwe skoolgelde vir 2025 ontvang.

Ek rig ‘n vriendelike versoek aan ouers om gereeld en getrou hul skoolgeld te betaal. Ongelukkig kan die skool nie ten volle funksioneer as ons nie al ons finansiële verantwoordelikhede kan nakom nie. Baie dankie aan die ouers wat reeds hul 2025 skoolgeld vooruit betaal het. Dit vergemaklik die kontantvloei van die skool geweldig.

Skoolgeld is as volg:

**Debietorders Febr. 2025:**

Skoolfonds per debietorder beloop R1 660 per kind.
Neem kennis dat aangesien 1 Februarie op 'n Saterdag is, gaan daardie debietorders eers op 3 Februarie aftrek.
Debietordervorms vir 2025 kan steeds ingestuur word en dit gaan aftrek vanaf Maart.

**EFT Betalers:**
Skoolfonds beloop R1 800 per kind en is vooruit betaalbaar voor die 7de van elke maand.
Skoolfonds word gehef vanaf Februarie tot Desember.


**Eenmalige jaarlikse betalers:**
Betaling van R18 100 per kind moet betaal word voor 1 Maart om te kwalifiseer vir hierdie bedrag.

**Nasorgsentrum gelde:**
Nasorg kan by die debietorder ingesluit word en beloop R550 per kind per maand.
Indien EFT betaling, moet dit vooruit betaal word voor 7de van die maand.

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 31 Jan.: | Kleur Atletiek (Pelliespark) |
| 1 Febr.: | Aansoeke vir 2026 open |
| 3 Febr.: | o/9 Krieketliga |
| | Aansoek om korting sluit |
| | Kultuur-ouerinligtingsaand (18:00) |
| 4 Febr.: | o/11 Krieketliga |
| | Tennis-ouerinligtingsaand |
| 6 Febr.: | o/13 Krieketliga |
| | Kleuterskool Ken-mekaar-piekniek |

## VERJAARSDAE



| | |
|---|---|
| 4 Febr.: | Mnr. Hennie Botha (Adjunkhoof) |
| | Juf. Carina Kriel (Gr. 7) |
| 6 Febr.: | Mnr. Arthur Williams (Gr. 5) |

# ANDER

**Kleur Swemgala:**
Tjokkies se swemgala het die afgelope Dinsdag plaasgevind. Baie geluk aan al ons swemmers wat baie goed gevaar het. ‘n Paar rekords is ook opgestel gedurende hierdie gala. Sien volledige uitslae aangeheg.

**Kultuur-ouerinligtingsaand**
U is reeds bewus van die sport inligtingsvergaderings wat deur die loop van die kwartaal plaasvind. Daar het ook ‘n behoefte ontstaan om ons ouers in te lig rakende die kultuuraktiwiteite wat by Tjokkies aangebied word. Om hierdie rede vind daar eerskomende Maandagaand, 3 Februarie ‘n inligtingsvergadering plaas vir alle ouers wie se kinders deelneem aan enige vorm van kultuur. Belangrike inligting vir die jaar word bespreek en daarom nooi ons alle ouers om dit te kom meemaak.

**Personeel**

Die skool het Mev. Lizeth Kruger tydelik aangestel in die Gr. 3-4 RO-pos wat einde verlede jaar vakant geraak het. Sy sal vir die res van die kwartaal hierdie leerders hanteer.

Ons vertrou dat sy vinnig by Tjokkies sal inskakel en deel raak van die Tjokkie-familie.



## VAN DIE MAMMAS WAT BID

Toe sê Nebukadneser: "Loof die God van Sadrag, Mesag en Abednego! Hy het sy engel gestuur om hierdie mense wat Hom dien en vertrou te kom red." Daniël 3:28

Hoe wonderlik groot is onse God nie? Dit wat Hy vir Sadrag, Mesag en Abednego gedoen het, sal Hy ook in 2025 vir ons doen. Mag jy God dien en vertrou in hierdie jaar, sodat ander Hom ook sal loof.

Dankie Vader dat U ons groot God is. Help ons om U elke dag te dien en te vertrou in alles wat ons doen. Amen

## TENNIS



# BEMAGTIGINGSESSIE




Let wel: Die skakel kan u volg op die Community-groep om te registreer.

Hier is 'n geleentheid waar jy as ouer en kind mekaar kan ontdek. Kom groei en kry strategieë van hoe ons hierdie besige lewe saam kan aanpak. Kom leer hoe om dit te doen met hoop, vrede, lag, geen trane en minder baklei.

# SNUFFELS




MIMOSA MALL
the CÎRK
FREE SHOWS!
AT MIMOSA MALL MAIN ATRIUM
07 FEB
12pm: Show & Kids Workshop
2pm: Show
3pm: Show
08 FEB
10:30am: Show & Kids Workshop
12:30pm: Show
13:30pm: Show
09 FEB
10:30am: Show & Kids Workshop
12:30pm: Show


BACK-2-
SCHOOL!
Geldig tot 14 Februarie
6 Gruisstraat, Hilton,
Bloemfontein
MAGALIES
ORANGE
50% Fruit Nectar Blend Concentrate
Orange & Naartjie
MAKES 25 LITRES WHEN DILUTED
MAGALIES
5% afslag op alle 5L nektar produkreeks


OVER
1500
DEALS
EVERY WEEK
SAVE R20
74.99
Clover Butro Modified Butter Spread
99.99
Lean Beef Mince
SAVE 27%
ANY 4 FOR R70
4 x 170g Cape Point Light Meat Shredded Tuna in Water/Oil
AS SEEN ON TV
SAVE R50
149.99
Douwe Egberts Instant Coffee All Variants Each
SPAAR 21%
54.99
Huletts Witsuiker
SAVE R70
R229
Huggies Gold Nappies/Pants Jumbo Pack/Extra Care Nappies/Pants Value Pack per pack
SAVE R20
129.99
Lancewood Cheddar/Gouda Cheese
2 FOR R47
2 x 2l Coca-Cola Original Taste Less Sugar Cold Drink
BUY 2 & GET A 3RD FREE
FREE!
BUY 2 x 14/21 per pack Ariel Pods/3l Liquid Detergent & GET THE CHEAPEST ONE FREE!
SAVE 20%
2 x Cape Point Frozen Prawns Range
SAVE UP TO 40% ON BACK-TO-SCHOOL ESSENTIALS
SAVE R17
69.99
Typek A4 Photostat Paper - 500 Sheets - 80gsm
SAVE R15
39.99
Pritt Jumbo Glue Stick - 40g
SAVE R22
27.99
Staedtler Fluorescent Ballpoint Pens - 10-Pack
SPAAR R9
16.99
A4 Hardebandtoonbankboek - 192 Bladsye
FUNCTIONS
SAVE R110
269.99
Casio FX-82ZA Plus II Scientific Calculator
PINK & BLUE COLOUR AT SELECTED STORES ONLY
Checkers
better and better
also at Checkers Hyper
Download the app


BLOEMFONTEIN
MOTORS
Proud Sponsor of : Tjokkies School
150 Oliver Tambo Road, Oranjesig, Bloemfontein
www.bloemfonteinmotors.co.za | 051 4477 042


GOEDEHOOP
www.goedehoopfarm.co.za
sanele@goedehoopfarm.co.za
0829259620
Need a break? Come and visit us at Goedehoop Game Farm. Only a mere 30km outside of Bloemfontein. Here we are committed to providing our clients with an authentic and tranquil experience.